

Maandag 11 April

Skrifgedeelte: Johannes 8:12-20

Fokusgedeelte: Johannes 8:18

God die Vader bevestig: sy Seun, ons Here Jesus, IS die Lig!

Dwarsdeur Jesus se lewe, maar ook die laaste week voor sy kruisiging, het die mense Jesus bevraagteken: *Hoe kan Hy van Homself sê wat Hy sê?*

Einde September, die jaar voor Jesus gekruisig is, is Jesus tydens die Loofhuttefees in Jerusalem. Die dag ná die fees verkla die Skrifgeleerdes en Fariseërs 'n vrou by Jesus omdat sy owerspel gepleeg het. Jesus wys die aanklaers hoe hulle self in donker sonde leef: *Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi.* Elkeen stap weg ... bewus van sy eie sonde.

Genadig dui Jesus aan Wie Hy is en wat Hy vir ons as mense gee: *Ek is die lig vir die wêreld.* In ons donker, sonde-vasgeklusterde lewe is Hy die Lig. Hy vat donkerte, doodsheid, weg en skep 'n atmosfeer van lewe. Soos die son, gee Jesus ons wat ons nodig het om veilig, werklik te lewe. En Hy roep ons om uit die donker van ons sondige lewenstyl uit na Hom te kom, in sy Lig te lewe.

Natuurlik bevraagteken die Fariseërs Jesus! Hoe kan Hy oor Homself getuig? Mens kan tog nie jou eie beuel blaas nie?

Jesus wys eers hoekom Hy tog oor Homself kan getuig: *Hy kom van die Vader af.* Jesus is nie net 'n gewone mens nie. Hy is die Vader se Seun! Wat Jesus sê, is dus waar. Maar nog meer: Daar IS 'n tweede Getuie: God die Vader Self. Dis immers God die Vader self wat Jesus in die donkerte ingestuur het om Lig te wees. Is dit nie waarvan Jesaja al geprofeteer het nie: *Ek maak jou 'n lig vir die nasies* (Jes. 9:1; 42:5-7; 49:6).

Die Fariseërs kan dus ophou om Jesus te bevraagteken: Hyself én sy Vader getuig Wie Hy is. Dit laat jou en my met die vraag: *Aanvaar ek Jesus vir Wie Hy is ... en lewe ék daarom in die Lig?*

Sing: Skrifberyming 3-1:1-3

Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg Mpumalanga)